

Jesus, die Begin en Voleinder van ons geloof



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Hebreërs 10:35–39, Romeine 1:17, Hebreërs 11, Josua 2:9–11, Hebreërs 12:1–3.

Geheeteks: “die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van ons geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God” (*Hebreërs 12:2, NLV*).

Hebreërs 11 en 12 is waarskynlik die grootste gunsteling hoofstukke van hierdie boek. Al twee die hoofstukke beskryf die christelike lewe as ’n wedloop waaraan ons almal deelneem en waarin almal wat getrou bly, die beloning sal verkry. Die hoofstukke beskryf die drama van verlossing as ’n stryd wat gestry word en waarin die Bybelse geloofshelde deur lyding, volhard het, maar nog nie hulle beloning ontvang het nie.

En dit is waar die verhaal ook met ons eindig, nie slegs met hulle nie. Ons is deel van die eindtoneel. Die drama eindig met ons verskyning op die toneel – ons wat die laaste deel van die wedloop voltooi – met Jesus by die wenstreep aan die regterhand van God. Hy bied die inspirasie en die beste Voorbeeld van hoe die wedloop voleindig moet word. Hy is die Opperste Getuie van die ware beloning en Hy is die Voorloper wat die weg open vir ons (*Heb. 6:19, 20; Heb. 10:19–23*).

Hebreërs 11 verduidelik dat geloof die vaste vertrouwe in God se beloftes is, al kan ons dit nog nie sien nie. Hierdie les gaan ons help om te ontdek wat geloof is en hoe dit verkry kan word deur die voorbeelde uit die verlede, maar veral en hoofsaaklik, deur die voorbeeld van Jesus, “die Begin en Voleinder van ons geloof” (*Heb. 12:2, NLV*).

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 12 Maart.*

Die regverdige sal uit die geloof lewe

Lees Hebreërs 10:35–39. Wat sê God aan ons in hierdie verse?

Volharding is 'n karaktereienskap van God se eindtyd-volk; sonder volharding [lydsaamheid] sal hulle nie die belofte kan verkry nie (*Op. 13:10, Op. 14:12, NLV*). Ten einde te volhard, moet gelowiges egter “vashou” aan hulle geloof (*Heb. 10:23, Heb. 4:14*). Paulus het getoon dat die woestyn-generasie nie in staat was om die belofte te ontvang nie, omdat hulle nie geglo het nie, nie die geloof beoefen het nie (*Heb. 3:19*). Hebreërs gee 'n uitbeelding van gelowiges wat op die punt staan van die vervulling van die beloftes (*Heb. 9:28; Heb. 10:25, 36–38*) en dat hulle moet aanhou om hulle geloof te beoefen sodat hulle die beloftes kan verkry (*Heb. 10:39*).

Paulus lei sy uiteensetting van geloof in met 'n aanhaling uit Habakuk 2:2–4. Habakuk het God gevra waarom Hy die goddeloses verdra wat die regverdiges onderdruk (*Hab. 1:12–17*). Die profeet en sy volk maak lyding deur; hulle hoop op God se ingryping. God antwoord egter dat daar 'n aangewese tyd is vir die vervulling van Sy belofte, en dat die volk daarop moet wag (*Hab. 2:2–4*). Habakuk en sy volk lewe, soos ons, tussen die tyd van die belofte en die tyd van vervulling. God se boodskap duur voort in Hebreërs: “ ‘Hy wat kom, sal kom en nie talm nie’ ” (*Heb. 10:37, NLV; lees ook Hab. 2:3*).

Die boodskap verwys na Jesus. Hy is die regverdige een, die beliggaming van geloof wat God behaag en lewe gee (*Heb. 10:5–10*).

Waarom dan, sou Hy “talm”? Hy sal nie. Hy het alreeds gekom en vir ons gesterwe (*Heb. 9:15–26*), en Hy sal sekerlik kom op die aangewese tyd (*Heb. 9:27, 28; Heb. 10:25*).

God se boodskap gaan voort: “ ‘Maar die gelowige sal uit die geloof lewe’ ” (*Heb. 10:38, OAB*). Paulus doen dieselfde verklaring in Romeine 1:17 en Galasiërs 3:11. Romeine 1:16, 17 is besonder insiggewend, aangesien dit verduidelik dat die geregtigheid van God daaruit geopenbaar word “uit geloof tot geloof.” Wat Paulus hier bedoel is dat God se trou aan Sy beloftes eerste gestel word, en Sy getrouheid bring gevolglik geloof en/of geloofsgetrouheid mee.

Dus, omdat God Sy beloftes gestand doen (*2 Tim. 2:13*), sal die regverdige, in reaksie tot God se getrouheid, ook steeds getrou bly.

Waarom is dit belangrik om te besef dat ons geloof enersyds, die gevolg is van God se getroue sorg, en andersyds, dat ons geloof voed op God se trou? Hoe kan ons meer vertrou op Sy trou en Sy beloftes wat Hy aan ons gemaak het?

Deur geloof het Abraham

Hebreërs beskryf geloof: “om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie” (*Heb. 11:1, NLV*). Dan volg ’n naamlys van geloofshelde in die geskiedenis van Israel wat voorbeelde gestel het van wat geloof behels; en dit toon hoe hulle daardie geloof uitgeleef het deur hulle geloofsdade.

Lees Hebreërs 11:1–19. Waarom het hierdie “geloofshelde” se geloof so uitgestaan? Watter verband is daar tussen hulle handeling van geloof en die onsienlike dinge?

Abraham is waarskynlik die belangrikste karakter in hierdie hoofstuk. Sy laaste geloofsdaad is besonder instruktief, daar dit ware geloof uitwys.

Hebreërs laat blyk dat God se instruksies aan Abraham om Isak te offer as offerande, ’n weerspreking aan God se kant skyn te wees (*Heb. 11:17, 18*). Isak was nie die eniggebore seun van Abraham nie. Ismael was die eersgeborene van Abraham, maar God het aan Abraham Sy goedkeuring gegee dat hy aan Sara se versoek voldoen om Ismael en sy moeder weg te laat gaan uit die huis, aangesien Hy [God] self vir hulle sou sorg; en ook omdat Abraham se nageslag genoem sou word deur Isak (*Gen. 21:12, 13, OAB*). *In die volgende hoofstuk versoek God egter, dat Abraham Isak as brandoffer offer*. Daarom dat dit op die oog af blyk dat die bevel in Genesis 22 op die man af weerspreek word deur God se belofte in Genesis 12–21.

Hebreërs kom tot die slotsom dat Abraham hierdie beproewing wonderbaarlik uitmaak deur tot die gevolgtrekking te kom dat God vir Isak uit die dood sal laat opstaan nadat hy hom geoffer het. Dit is verbasend, aangesien niemand nog, tot op daardie tydstip, uit die dood verrys was nie. Dit blyk egter dat Abraham se vorige ervarings met God hom tot daardie gevolgtrekking laat kom het. Hebreërs 11:12 noem dat Isak gebore is deur die krag van God uit een vader, “en dit ’n verstorwene.” Paulus bevestig hierdie gedagte met dieselfde woorde: afgesien daarvan dat Abraham “omtrent honderd jaar oud [was], nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was,” en Sara se “verstorwe toestand van die moederskoot” het Abraham “teen hoop . . . op hoop geglo day hy vader sou word van baie volke” want hy het geglo dat God “wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan” (*Rom. 4:17–20, OAB*). Dus moes Abraham van die veronderstelling uitgegaan het dat as God in ’n sekere sin alreeds lewe uit die dood aan Isak gegee het, Hy dit weer kon doen. Deur God se leiding van die verlede, het Abraham ’n aanduiding gesien van wat God in die toekoms gaan doen.

Waarom is die oordenking van God se leiding in die verlede van ons lewens, so krities of beslissend ten opsigte van ons teenswoordige handhawing van geloof en vertroue in Hom?

Moses: Om in die onsienlike te glo

Lees Hebreërs 11:20–28. Wat het hierdie geloofshelde gedoen? Hoe het hulle handeling getuig van hoop op die onsienlike dinge?

Moses kan in hierdie hoofstuk van geloof beskou word as die tweede groots[t]e geloofsheld. Die lewe van Moses in Egipte word ingelei en geëindig deur twee optredes van vreeslose trotserings teenoor die koning. Sy ouers het Moses weggesteek met sy geboorte, omdat “hulle nie die gebod van die koning gevrees het nie” (*Heb. 11:23, OAB*), en Moses het Egipte verlaat, “sonder om die toorn van die koning te vrees” (*Heb. 11:27, OAB*). Die mees betekenisvolle handeling van Moses was egter dat hy “geweier het om die seun van Farao se dogter genoem te word” (*Heb. 11:24, OAB*). Die verwysing na Moses se pleegmoeder as “Farao se dogter” suggereer dat hy benoem was om die volgende Farao te wees. Moses het egter verkies om die vooruitsig van heerskappy oor een van die magtigste volke van daardie tyd, agter te laat en liewer saam met God se volk sleg behandel te word en die leier te wees van die sogenaamde bevryde vlugtelingslave.

Vergelyk Hebreërs 11:24–27 en Hebreërs 10:32–35. Wat is die ooreenkomste tussen die situasie van die oorspronklike ontvangers van die brief van Hebreërs en die ervaring van Moses?

Die grootsheid van Moses was daarin gesetel dat hy verder gesien het as die beloftes van die koning van Egipte en vooruit gekyk het na die onsienlike, naamlik, die beloftes van God. Hebreërs getuig dat Moses se oë gevestig was “op die beloning,” en nie op die rykdom van Egipte nie. Hierdie beloning is dieselfde beloning wat in Hebreërs 10:35 genoem word, wat God aan almal belowe het wat in Hom glo.

Paulus se woorde oor Moses se besluit moes kragtig weerklank gevind het in die harte van sy aanvanklike lesers. Hulle het verwyte en beskuldigings verduur as gevolg van hulle geloof in Christus. Hulle het ook beproewings deurgemaak en hulle besittings verloor. (*Heb. 10:32–34*). Sommige was in die gevangenis gegooi (*Heb. 13:3*). Insgelyks het Moses verkies om mishandel te word saam met God se volk, en so het hy die weelde van Egipte verruil vir die verduur van beledigings wat met Christus vereenselwig was, omdat hy geglo het dat die beloning van Christus groter was as enigiets wat Egipte kon bied.

Het jy al geloofsuitdagings in die gesig gestaar? Watter opofferings moes jy daarvoor maak? Waarom is die beloning dit alles uiteindelik werd, selfs al kan jy dit nie nou reeds sien nie?

Deur geloof ...Ragab en die ander

Lees Hebreërs 11:31 en Josua 2:9–11. Waarom was Ragab, 'n heidense prostituut, ingesluit in hierdie hoofstuk van bybelse karakters?

Ragab is waarskynlik die mees onverwagte karakter soos genoem in Hebreërs 11. Ragab is een van twee vroue wat by name genoem word. Sy is tiende op die lys na die eerstes wat voorvaders en patriarge van Israel was – en elkeen was gereverdig beskou. Wanneer Ragab ter sprake kom, ontdek ons dat sy nie slegs 'n vrou was nie, maar ook 'n heidense prostituut. Die mees verrassende hier is dat sy ook die tematiese middelpunt en klimaks van die hoofstuk is. Die naamlys is georganiseer op 'n unieke wyse. Elke inskrywing begin met die herhaaldelike gebruik van die sinsnede: “Deur die geloof...” Die basiese patroon lui: “Deur die geloof het So-en-so ge-dit-en-ge-dat” of “Deur die geloof het dit-en-dat gebeur met So-en-so.” Hierdie herhalende patroon verhoog die verwagting van die leser om die klimaktiese aanspraak te hoor, naamlik: “*Deur die geloof het Josua die volk in die beloofde land ingelei.*”

Maar dit is nie wat die teksgedeelte sê nie. In plaas daarvan, is Josua oorgeslaan, en die prostituut neem sy plek in. Nadat melding gemaak is van Ragab, eindig die herhalingspatroon skielik met “En wat sal ek nog meer sê?” (*Heb. 11:32, OAB*). Dan noem Paulus kortliks 'n naamlys en gebeurte wat nie verder in besonderhede verduidelik word nie.

Ragab se geloofsdaad was dat sy gehoor het, geglo het, en gehoorsaam het, alhoewel sy nie kon sien nie. Sy het nie die plaas van Egipte gesien nie, of die deurtog deur die Rooi See, of die water wat uit die rots gevloei het nie, of die brood uit die hemel nie; tog het sy geglo. Sy was 'n goeie voorbeeld vir die gehoor van Hebreërs, wat Jesus nie eens hoor preek het of 'n wonderwerk van Hom aanskou het nie; en ook vir ons, wat ook nie een van hierdie dinge gesien het nie.

“Ragab was 'n prostituut wat bo-op die muur van Jerigo gewoon het. Sy het die twee Israelitiese spioene weggesteek wat die stad kom verspied het. As gevolg van haar vriendelikheid teenoor hulle, en haar verklaring van geloof in God, het die spioene belowe dat die lewens van Ragab en haar gesin gespaar sou bly wanneer die aanval op Jerigo sou plaasvind.”—Introduction to Rahab found in *Daughters of God*, bl. 35. [Vry vertaal]

Daarna het Paulus aangegaan (*Heb. 11:35–38*) met die opnoem van al die beproewings wat in die gesig gestaar was. Die frase “wou geen bevryding aanneem nie” (*Heb. 11:35, OAB*) impliseer dat hulle die geleentheid gehad het om te ontsnap, maar gekies het om dit nie te doen nie, omdat hulle oë gevestig was op die beloning van God.

Al het ons nie enige van hierdie dinge gesien nie (die sesdag-skepping, die Exodus, die kruisdood van Christus), waarom kan ons vashou aan so baie goeie redes om te glo dat dit wel gebeur het?

Jesus, die Begin en Voleinder van ons geloof

Lees Hebreërs 12:1–3. Wat versoek hierdie verse ons om te doen?

Die klimaks of hoogtepunt van die uiteensetting van die geloofshoofstuk, kom inderdaad met Jesus na vore in Hebreërs 12. Paulus begin die brief met Jesus, “Hy wat kom, sal kom” en “nie versuim nie” (*Heb. 10:37, OAB*), en Paulus sluit dit af met Jesus die “Voleinder van ons geloof” (*Heb. 12:2, NLV*). Jesus is die “Begin en Voleinder van ons geloof” (*NLV*). Dit beteken dat Jesus die Een is wat geloof moontlik maak en Hy is die volmaakte Voorbeeld en beliggaming van ’n geloofslewe. Met Jesus, het geloof tot volmaakte uiting gekom.

Jesus is the “Stigter” (of “Begin,” of “Leidsman”) van ons geloof in ten minstens drie opsigte.

Eerstens, is Hy die enigste een wat die wedloop voleindig het in die volle sin van die woord. Die ander wat in die vorige hoofstuk vermeld is, het nog nie verkry wat hulle belofte is nie (*Heb. 11:39, 40*). Jesus het egter God se rus in die hemel ingegaan en gaan sit aan die regterhand van God. Saam met hierdie, sal ons ook heerskappy voer in die toekoms (*Op. 20:4*).

Tweedens, was dit eintlik Jesus se volmaakte lewe wat dit moontlik gemaak het vir hierdie ander om hulle wedloop te voleindig (*Heb. 10:5–14*). As Jesus nie gekom het nie, was elkeen se wedloop vergeefs.

Laastens, is Jesus die rede waarom ons geloof kan beoefen. Omdat Jesus een was met God, was hy die vergestaltung van God se trou teenoor ons. God het nog nooit Sy pogings opgegee om ons te red nie, en dit is waarom ons die beloning sal verkry as ons volhard in ons wedloop. Jesus het die wedloop met geduld [lydszaamheid] en geloof voleindig; selfs as ons ontrou is, bly Hy getrou (*2 Tim. 2:13*). Ons geloof is slegs ’n reaksie op Sy getrouheid.

Teen die einde, is Jesus die “Voleinder” van ons geloof omdat Hy die Volmaakte Voorbeeld is van hoe hierdie wedloop van geloof gestry moet word. Hoe het Hy die stryd gestry? Hy het Homself ontleedig deur alles vir ons op te offer (*Fil. 2:5–8*). Hy het nooit gesondig nie. Jesus het Sy oë gerig op die beloning, “vir die vreugde wat Hom voorgelou is,” om die mensdom te verlos deur Sy barmhartigheid, Hy wat “die kruis verdra het, die skande verag het” (*Heb. 12:2, 3*).

Dit is nou ons beurt om die stryd te stry, aan die wedloop deel te neem. Alhoewel ons in ons swakheid nooit kan doen wat Jesus vir ons gedoen het nie, het ons Sy volmaakte voorbeeld. Deur geloof in Hom, met ons oë gerig op Hom (soos ander voor ons die voorbeeld gestel het), gaan ons ook voorwaarts in geloof, en vertrou op Sy beloftes wat ’n groot beloning inhou.

Vir verdere studie: “Deur geloof het jy Christus se eiendom geword, en deur geloof moet jy ook in Hom opwas – deur te gee en te neem. Jy moet alles gee — jou hart, jou wil, jou diens; gee jouself aan Hom om Sy bevele te gehoorsaam; en jy moet alles neem – Christus die volheid van seën om in jou hart te woon om jou krag, jou geregtigheid, jou helper te wees, en om jou krag te gee om te gehoorsaam.”—Ellen G. White, *Steps to Christ*, bl. 70. [Vry vertaal]

“Die Here vra ons nooit om te glo sonder dat Hy ons genoegsame bewyse bied om ons geloof te staaf nie. Sy bestaan, Sy karakter, die waarheid van Sy Woord – al hierdie dinge berus op getuienis wat ons kan aanneem; en hierdie getuienis is oorvloedig. Maar God het nie die moontlikheid van twyfel weggenem nie. Ons geloof moet op bewyse berus, nie demonstrasies nie. Diegene wat graag wil twyfel, sal baie geleentheid daartoe hê; terwyl diegene wat waarlik begeer om te glo, baie bewyse sal vind as grondslag vir hulle geloof.

Dit is onmoontlik vir die beperkte menseverstand om die karakter en werke van die Ewige God ten volle te begryp. Vir die grootste en die mees ontwikkelde verstand sal daardie heilige Wese altyd in verborgenheid gehul wees. “Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige? Hoogtes van die hemel is dit – wat kan jy doen? Dieper as die doderyk – wat kan jy weet?” Job 11:7, 8.”—Ellen G. White, *Steps to Christ*, bl. 105. [Vry vertaal]

Vrae vir bespreking:

- ① 'n Vroeë Christen-geleerde het eens geskryf: ‘*Credo ut intelligam.*’ Dit is Latyn vir: “Ek glo sodat ek kan verstaan.” Hebreërs 11:3 verklaar dat “*deur die geloof verstaan ons*” (NLV). Wat is die verband tussen geloof en begrip [verstaan]? Waarom word geloof dikwels daargestel voor begrip? Met ander woorde, waarom moet ons soms in geloof uitreik, alhoewel ons aanvanklik nie alles verstaan nie, en eers later meer begrip [insig] inwin?
- ② Die Griekse woord *pistis* het 'n tweekledige betekenis: “geloof” en “getrouheid.” Waarom is beide betekenisse belangrik in ons soeke om te verstaan wat “lewe deur geloof” beteken? Hoe het die karakters in Hebreërs 11 – deur hulle geloofsgetrouheid – die werklikheid van hulle geloof, getoon? Hoe kan ons hulle voorbeeld volg?”
- ③ Alhoewel ons verstaan dat geloof 'n genadegawe van God is (*Rom. 12:3,6*), watter rol speel ons, indien enige, in die ontvang en beoefening van daardie gawe?